

# DIE BEMAGTIGING VAN DIE ARMES

P Verster<sup>1</sup>

## ABSTRACT

The issue addressed in this article is whether the poor can be empowered to change their own situation without becoming revolutionary. Poverty comprises lack of the most basic life-sustaining goods. However, the poor as people before God, can be empowered to change their situation. Although poverty is an all-inclusive problem, the possibility of helping the poor to realise that they are called to take possession of their own destiny is important. In Jesus Christ a new way of hope and change is offered. With the realisation of their own situation comes the responsibility to become involved. By means of an important ministry the poor should be helped to regain self-respect and to act accordingly. Initiatives on the part of the poor are therefore of the utmost importance.

## 1. INLEIDING

Die vraag word al meer gestel: hoe kan die toenemende armoede van die wêreld en van veral Afrika in welvaart omgekeer word? Kan die arme bemagtig word om self in te gryp en sy situasie te verbeter, wat dan ook daartoe kan lei dat die situasie waarin ander armes verkeer, verbeter word? Indien dit moontlik sou wees, sou dit nie 'n revolusionêre politieke ommekeer beteken nie. Dit sou slegs behels dat die arme bewus word van sy eie situasie en dat daar 'n verandering in sy gemoed intree wat hom in staat sal stel, om, sonder groot politieke omwenteling, sy situasie te verbeter. Armoede word gekenmerk deur die uiterste gebrek aan die mees basiese lewensmiddele.

## 2. HIPOTESE

Die hipotese wat in dié artikel ondersoek word, is die volgende:

- Die arme, as volledige mens voor God, kan bemagtig word om self in staat te wees om die armoede waarin hy of sy verkeer, gedeeltelik te oorwin.

1 Prof P Verster, Hoof: Departement Sendingwetenskap, Fakulteit Teologie, UOVS, Bloemfontein, 9300.

### 3. ARMOEDE: 'N OMVANGRYKE PROBLEEM

Armoede is geen eenvormige of eenduidige saak nie. Daarom moet nou eers na sekere definisies gekyk word.

Levin (1995:173) verwys na die wêreldbank se definisie van armoede en brei daarop uit:

'The inability to obtain a minimal standard of living,' and this minimal standard of living can only be obtained if sufficient income is earned. Those earning below a certain minimum are described as poor.

Clarke-McLoed (1995:17) definieer armoede in aansluiting by Johnson en Swartz as volg:

Certainly, the definition of poverty in terms of basic needs focuses the attention on the resources required to meet these needs. The social definition of needs is recognised, but nevertheless poverty is viewed as being defined in terms of a core of basic necessities as well as a list of other necessities that change over time and place. Poverty consists of the presence of deprivation simultaneously to the lack of command over resources.

Friedman en Sandercock (1995:14) wys daarop dat die definisie van armoede aangepas moet word. Hulle dui aan (1995:15) dat daar drie elemente teenwoordig is wat ontmagtiging aandui: psigologies, sosiaal en polities. Psigologies beteken dit dat 'n mens 'n lae dunk van homself het, sosiaal beteken dit dat mense nie 'n weg het tot sosiale mag het nie en polities beteken dit om nie 'n sê te hê in die politieke gemeenskap waarbinne die mens beweeg nie.

Samevattend kan dus bevestig word dat armoede 'n meerduidige begrip is. Die essensie van die begrip word saamgevat as 'n uiterste gebrek aan noodsaaklike lewensmiddele.

Enkele aspekte van die voorkoms van armoede in Suid-Afrika kan genoem word:

- Volgens Touzel (1996:12) het 40% van Suid-Afrikaanse huishoudings in 1995 minder as R800-00 per maand verdien en 6,3% minder as R1500-00 per maand.
- Werkloosheid is 'n besliste en groot probleem in die hantering van armoede. Levin (1995:173) sê:

The *universum* of the poor consists of employed and unemployed people. Knowledge about this *universum* is necessary if a government wishes to pursue employment policies that will effectively reach the true target.

- Wat die armoedeskaal van alle armes in Suid-Afrika betref (volgens ras) is 94,7% swart, 5,0% bruin, 0,1% Indiër en 0,2% wit (*Key Indicators of Poverty in South Africa* 1995:12)
- Wat armoede uitgedruk as persentasie van die groep betref, is 64,9% van die swart groep arm, 32,6% van die bruin groep, 2,5% van die Indiërgroep en 0,7% van die wit groep. (*Key Indicators of Poverty in South Africa* 1995:12)
- Wat die inkomste van die armste 20% betref bestaan hulle bronne van inkomste uit die volgende:  
Maatskaplike pensioen 29%, landbou 4%, oorgemaakte bedrae 18%, selfwerksaamheid 5%, tydelike inkomste 5%, vaste inkomste 32% en ander 6%. Die persentasie vaste inkomste groei namate toenemend uit die spiraal van armoede ontsnap word (*Key Indicators of Poverty in South Africa* 1995:15)
- McGrath (1996:77) toon aan dat die implikasie van groei in swart geleedere wel is dat hulle inkomste sedert 1970 toegeneem het, maar dat die persentasie swart huishoudings in armoede proporsioneel dieselfde bly.

Hieruit is dit duidelik dat armoede steeds 'n omvattende probleem is. Daar is verskeie ander aspekte waarop gelet kan word. In die loop van die artikel sal weer hierop teruggekom word.

#### 4. POGINGS TOT OORKOMING VAN ARMOEDE

Armoede is 'n universele verskynsel. Armoede op die platteland kan volgens Levin (1995:173) slegs hanteer word as stedelike armoede ook aandag kry. Die besondere verhouding tussen die platteland en stad lei daartoe dat hulle van mekaar afhanklik is en dat aandag aan beide gegee moet word. Indien net aan stedelike armoede aandag gegee word, sal armes uit die platteland na die stede stroom en dit onmoontlik maak om armoede doeltreffend aan te spreek.

CBOs (Community-based Development Organisations) word deur Davies (1993:37) beskou as middele tot selfbemagtiging van die armes. In die Oos-Kaap waar daar min moontlikhede vir selfontwikkeling bestaan, moet gemeenskapsorganisasies tot stand gebring word wat die gemeenskap tot selfbemagtiging kan inspireer. Davies (1993:38) bevestig die rol van die arme self:

Community organisations will need to work with people, especially the poor and powerless, to build capacity, confidence and self

reliance; and try to minimise the effects of tension, frustration and anxiety which are bound to emerge and grow during times of uncertainty.

Wat veral volgens hom belangrik is, is dat die gemeenskap deur 'n gemeenskapsorganisasies gedien word deurdat los ontbondelde organisasies saamgevoeg word tot organisasies wat weer met gesamentlike kapasiteit die bou van die gemeenskap kan dien.

Davies (1993:40) wys daarop dat die begrip "bemaagtiging" (empowerment) onder verdienking gekom het. Dit moet as 'n bepaalde proses beskou word waarin die gevolg van die aanvanklike inset afgelei kan word.

Davies (1993:41) dui dan aan dat kapasiteitsbou die aanleer van vermoëns en bevoegdhede beteken. Mense moet dus opgelei word om bepaalde bevoegdhede aan te leer.

But capacity-building is much more than that. It is also about building self-confidence and a sense of self-worth. It means breaking down the walls of dependence that limit the realisation of people's own aspirations and that bind them to the prescriptions of other interests.

Gumede (1998:4) toon aan dat die noodsaaklikheid van die openbare sektor bevestig moet word:

A well designed and managed public works programme that is funded in a fiscally responsible manner (based essentially on existing budget allocations) can play a valuable role in addressing short term poverty alleviation, said Raymond Parsons, the director-general of the South African Chamber of Business.

Behuising moet op so 'n wyse voorsien word dat die armstes onder die armes self in staat is om hulle huise te bou en te verbeter (*Municipal Engineer* 1995:9). Die volgende aspekte kan aandag geniet:

- Subsidieskemas kan dit vir armes moontlik maak om self huise te besit.
- Opleidingsprogramme kan armes help om na huisienaarskap te streef.
- Inligting en advies bemaagtig armes om hulle eie betrokkenheid by behuising te verhoog.
- Bronne van bekostigbare boumateriaal moet ontgin word.
- Aanvaarbare en betroubare bouers moet geïdentifiseer word. (*Municipal Engineer* 1995:5)

Eckert ea (1996:694) wys daarop dat plaaswerkers 'n groep is wat besondere aandag ten opsigte van bemaagtiging verdien. Paternalistiese arbeidsverhoudinge het bepaalde gevolge:

- Lae vlakke van werktevredenheid met negatiewe gevolge vir die manier waarop ontevredeheid getoon word - byvoorbeeld deur afwesigheid, diefstal en sabotasie.
- Lae vlakke van verantwoordelikheid en selfvertroue.
- Geen deelname aan arbeidsorganisasie en werkontwerp nie.
- Lae inkomste met die gevolg dat geldsake nie goed bestuur word nie en min gespaar word.
- Onnodige hoë vlakke van werkverwisseling, wat nie koste-effektief is ten opsigte van uitgawes vir opleiding nie.

Verskeie voorstelle is gemaak met die oog daarop om die plaaswerker te bemagtig (Eckert e a 1996:694 verwys na die eksperiment te Whitehall 1992). Daar word voorgestel dat werkers in wins, verlies en kapitaal groei moet deel of dat deelboerdery ("equity sharing") moet plaasvind. Dit sal die volgende voordele inhou:

- Hoë produktiwiteit kan gehandhaaf word.
- Aanvaarbare verdeling van eienaarskap kan verkry word.
- Plattelandse armoede kan oorkom word.
- Deelname in boerdery is 'n vorm van bemagtiging.
- Optrede en houding kan sodoende verbeter word.

Die eksperiment te Whitehall het besliste ontwikkeling by werkers aangetoon en positiewe resultate gelewer, maar ook probleme (Eckert e a 1996:710):

However, some reservations must be noted. First, although members understand the basic principles of the scheme and the benefits they can expect, there is little sense of 'owning' the project and their financial vigilance is therefore low. Secondly, the participation of workers in managerial decisions is low at present.

Daar is ook kritiek teen pogings wat aangewend word om die plattelandse armoede te hanteer. Binswanger (1996:153) toon aan dat desentralisering dikwels vasloop teen probleme ten opsigte van administratiewe, fiskale en politieke beheer.

Botha (1999:5) verwys na die standpunt van Patricia Townsend dat voedselruine die oplossing vir primêre armoede is. Absolute armoede kan verlig word deur die armes te bemagtig om self tot hulle eie voedselmark toe te tree. Mamalia (1998:130) bevestig die betekenis van selfbemagtiging deur te verwys na enkele vroue in Sekhukhune in die Noordelike Provinsie wat self by voedselverskaffing betrokke geraak het. Bishop (1998:9) verwys na Xhosa-vroue wat by selfbemagtiging betrokke is deur middel van naaldwerk en kleinhandel. In Khayelitsha word armes deur die Philani-

sentrum gehelp deur deelname aan 'n sifdrukprojek (Singh 1998:7). Daar kan ook na die voorbeeld van die Mpumelelo-selfhelpprojek verwys word (Pretoria News, 1997:13). Vroue van die Rethabiseng informele nedersetting in Bronkhorstspuit word onderrig in weefwerk, leerwerk en kinderonderdig.

Enkele projekte word deur die regering ondersteun en so word veral selfontwikkelings-voedselprojekte versterk (vgl die ontwikkeling in die Vrystaat-provinsie, Schneider 1998:30). Soms word eenmalige groot bedrae deur die regering aan projekte toegeken (vgl R 50 m for poverty relief projects [*The Citizen* 1998:12] en ook R203 m bewillig vir gemeenskapsgebaseerde teen-armoedeprojekte in 1998 [Hills 1998:11]) Vergelyk ook die bedrag van R300 m wat in 1998 deur die regering beskikbaar gestel word (*Sowetan* 1998:30).

## 5. PROBLEME WAT BEMAGTIGING IN DIE WIELE RY

### 5.1 Makro-ekonomie

Levin (1995:176) stel dit duidelik:

The first strategy option to create employment is the use of appropriate macro economic fiscal and monetary policies which can create growth in production. These policies can be supplemented by conventional and unconventional measures to draw more people into the mainstream of economic activity.

Nie almal stem saam dat gesonde vryemarkbeginsels die armoede sal verlig nie. Napier (1994:31) is van mening dat die afgrond van armoede in die sogenaamde post-apartheid-Suid-Afrika nie deur ekonomiese groei oorkom sal word nie. Ingryping van buite is volgens hom nodig.

Met die makro ekonomie hang die saak van korrupsiebeperkte-bestuur saam. Die makro-ekonomiese beginsel moet gesond wees, maar so ook die toepassing van ekonomiese orde (Camerer 1997: 33-41).

### 5.2 Mikro-ekonomie

Levin (1995:174) toon aan dat verskeie swart kleinsake-ondernemings onder die bestuur van entrepreneurs tot stand gekom het. In die 1980's en 1990's moes hulle aanvanklik self die wette wat hulle aan bande gelê het oorkom. Later is die wette herroep en kon die entrepreneurs weer openlik optree.

Die informele sektor is volgens Levin (193:175) om verskeie redes belangrik:

- Dit dien as veiligheidsnet vir die werklose.
- Dit beperk onaktiwiteit en so ook misdaad.
- Dit fokus op selfbemagtiging.
- Omdat dit op die arme gerig is, het dit 'n kanaal geword waardeur die arme gehelp kan word.

### 5.3 Vennootskap

Napier (194:31) is van mening dat die enigste manier vir armes om hulle situasie te ontsnap, is om nader te beweeg aan die ekonomiese sentrum:

The easiest way the poor will find access to well located land is by squatting on vacant land closer to the centre.

Ekonomiese groei is van essensiële belang. Luiz (1994:16) kom tot die volgende gevolgtrekking:

Overall, the international experience stresses the importance of well planned economically sound policies to combat poverty.

Die geheel is van belang. Die makro ekonomie bepaal ook wat op mikrovlak gebeur.

Bruwer (1997:19) skryf:

Om die proses van bevryding uit die getoordheid van armoede aan die gang te sit, is mense nodig wat langs mense in nood gaan staan en solidêr in een rigting met die armes van ons tyd voortstap na 'n nuwe toekoms. Die pad uit die getoordheid van armoede is nie een waartoe jy mense kan roep soos 'n ma eend haar kuikens van die rand af na die water nie, sonder om self nat te word nie. Jy sal eenvoudig in die water moet gaan of jou posisie as ma verbeur, al het jy die eiers uitgebroei.

Clarke-McLeod (1995:19) verwys na Snyman en dui aan dat sy die volgende oplossings voorstel:

- Welsynsagentskappe wat bemerkbare vermoëns en inkomstegenererende aktiwiteite bevorder
- Landelike ontwikkeling om ook inkomste te genereer ten einde die invloed na die stede te verminder
- Meer betrokkenheid by laekostebehuising
- Ekstensiewe basiese voedselprogramme

Volledige oplossingsvoorstelle word deur May (1998:57,58) aangebied. Enkeles hiervan verdien vermelding.

- Behou en vermeerder regeringsuitgawe aan maatskaplike dienste.
- Vermeerder bronne gerig op herverdeling van inkomste.
- Behou maatskaplike pensioene.
- Behou die regering se betrokkenheid by die opgradering van infrastruktuur.
- Spesiale aandag moet aan onderontwikkelde opleidingsinstansies (veral skole) geskenk word.
- Finansiële en tegnologiese hulp moet aan munisipale ontwikkeling gegee word.
- Spesiale programme vir die oprig van stedelike en plattelandse behuising moet ontwikkel word.
- Prioriteit moet aan watervoorsiening verleen word.
- Programme vir korttermynwerkskepping moet ontwikkel word.
- Ontwikkel plaaslike regering.
- 'n Komitee vir koördinerende van aktiwiteite moet in die lewe geroep word.
- Monitor die regering se impak op armoede.

In die lig van die voorafgaande is dit duidelik dat verskeie, soms uiteenlopende, voorstelle gemaak word. Wat baie duidelik is, is dat die makro-ekonomie van die uiterste belang is. Sonder 'n gesonde makro-ekonomie kan die arme nie bemagtig word nie.

## 6. DIE MENS VOOR GOD

Die arme is volledig mens voor God en moet ook as sodanig gesien word. Die mens voor God is geroepe om sy verantwoordelikheid na te kom. Die arme is geskape na die beeld van God. Op grond hiervan kan die armes ook op hulle verantwoordelikheid gewys word.

Enkele perspektiewe kan nou uitgelig word.

Daar is ongetwyfeld 'n besondere roeping vir die armes. Hulle nood word nie deur God misgekyk nie. Hy tree hulle tegemoet in hulle nood. Jesus se roewending tot die armes was/is volledig. Fitzmyer (1981:250) verduidelik dat die klem wat in die Lukas-evangelie op die armes gelê word, aandui hoe Jesus hulle sien. Die beslissende element in sy verduideliking, naamlik dat besittings 'n mens ten kwade kan beheer, word beklemtoon om aan te dui dat die armes as mense voor God lewe en nie deur die besittings beheer word.



nie. Daarmee saam word ook beklemtoon dat die armes voor God 'n beslissing tot heelwording in Christus neem. Fitzmyer (1981:251) sê:

The rich and the poor in the Lucan writings symbolize, in effect, the rejection and acceptance of Jesus the prophet announcing the new message of God's salvation and peace.

Die armes moet om dié rede as mense voor God hanteer word.

Die roeping van die gemeenskap ten opsigte van die armes is daarom ook groot (Fitzmyer 1981:251). Die gemeenskap word geroep om na die armes om te sien en hulle te hulp te kom. Du Plessis (1995:222) stel dit dat Jesus volgens die Lukasevangelie sê dat ware rykdom alleen maar by God gevind kan word. In die wêreld van Jesus, soos vandag ook nog, is die sosiale struktuur oorheers deur 'n verhouding van dié wat het en dié wat nie het nie, en laasgenoemde kry niks verniet nie. Hierdie sosiale struktuur is deur Jesus se boodskap deurbreek. Tog neem dit nie die verantwoordelikheid van die armes self weg nie.

Die verantwoordelikheid van die armes om self by hulle omstandighede betrokke te raak en self na die verbetering daarvan te strew, word bevestig. Die Lukasevangelie (Fitzmyer 1981:237, Du Plessis 1995:174, Grundmann 1978:158) bevestig egter dat die heil en verlossing van mense in Christus geleë is wanneer hulle hulle tot Hom wend.

Die hoop op nuwe lewe voor God in Jesus Christus is egter die uitsonderlike heil wat die mens ook moet vasgryp om hulle so op God te rig en sy hoop op nuwe heil te ontvang.

## 7. RIGLYNE

George (1996:8 e v) dui aan hoedat mediese doktors bepaalde moontlikhede tot bemagtiging van die armes in sekere strategieë vind:

- Skakeling met bestaande diensaksies om die armes te bemagtig, is noodsaaklik.
- Die identifisering van leemtes in bepaalde stelsels en die hantering daarvan is noodsaaklik voordat tot bemagtiging oorgegaan word.
- Skakeling en samewerking met die owerheid kan nie uitgeskakel word nie.

Kromber (1996:29) toon aan dat 'n volledige regeringsprogram die absolute armoede met deelnemende groei kan vervang, en dat die armes in die proses gehelp kan word om soos 'n atleet weg te spring.

Bremner (1994:14) toon aan dat vrede en ontwikkeling nie van mekaar geskei kan word nie. Om 'n program te ontwikkel waarin vrede en groei asook bemagtiging 'n rol speel, moet enkele sake in gedagte gehou word.

- Inklusiwiteit, wat beteken dat alle deelnemers self ook betrokke moet raak.
- Plaaslike insette by alle programme is noodsaaklik.
- 'n Holistiese benadering bly noodsaaklik.
- Kapasiteitsbou wat beteken dat die armes gehelp word om hulle eie vermoëns raak te sien, is noodsaaklik.
- Die volhoubaarheid van die programme moet goed oorweeg en deeglik nagevors word.
- Ruimtelike reïntegrasie is noodsaaklik om die armes in hulle eie omgewing te laat deel.
- Funksionele effektiwiteit moet nagestreef word.
- Konsolidasie van programme en bedrywe is noodsaaklik.

Levin (1995:174) dui aan dat opvoeding sentraal staan in die hulp aan mense:

A lack of opportunity, a lack of education and a lack of exposure to the labour market may have engraved the above characteristics on the poor. Yet there is overwhelming evidence that human capital - educated persons - are one of the keys to reducing poverty. The principal asset of the poor is labour-time, and education increases the productivity of this asset. The result, at an individual level, is higher income and less poverty. A lack of education is therefore generally regarded as a major cause of poverty.

In die lig van die feit dat die mens ook mens voor God is wat verantwoordelik moet optree en aanspraak op geregtigheid kan maak, moet alle programme die mens as wese voor God benader met die besef dat die hele mens tot volle besef van sy besondere waarde gebring moet word, maar ook onder die besef van sy verantwoordelikheid om sy eie heil uit te werk in diens voor God en in samewerking met die instansies wat ook deur God geroep word om verantwoordelik teenoor hulle op te tree.

Deur middel van 'n spesifieke bediening moet die gesindheid van die armes op nuwe lewe gerig word. Die bediening moet hulle steeds onder die besef bring dat hulle mens voor God is wat self ook verantwoordelik voor God moet leef.

Daarmee saam moet die armes opgeneem word om deel van die gemeenskap uit te maak sodat hulle ook kan deel in die inisiatiewe wat tot verbetering van omstandighede in die algemeen moet lei.

Inisiatief wat deur armes self geneem word, is daarom van die uiterste belang. Die oomblik wanneer hulle self by hulle omstandighede betrokke raak, kan hulle ook die omstandighede waarin hulle leef, begin verander. Eers as hulle wel aanvaar dat hulle as mense voor God ook verantwoordelik is en by hulle eie lot betrokke kan raak, kan die nuwe gesindheid in 'n rigting wat daartoe sal lei dat hulle hul eie omstandighede verander, gestuur word.

Daar is baie faktore betrokke: die makro-ekonomiese struktuur, die potensiaal van 'n gemeenskap om gehelp te kan word om hulle self te help, die land se "drakrag", die regering se ekonomiese beleid, ens. Die armes is nie alleen nie, maar alleen wanneer hulle as mense voor God ook deel word en betrokke is by hulle eie lot, kan daar vernuwing kom.

## BIBLIOGRAFIE

### BINSWANGER H

1996. Rural development and poverty reduction. In Van Zyl, J e a *Land Reform in South Africa. Policies, markets and mechanisms*. Cape Town: Oxford.

### BISHOP C

1998. Khosa women join hands to fight poverty. *The Natal Witness* 6 August 1998, p 9.

### BOTHA A

1999. Start with the soil to put food on table. *Cape Argus* 25 January 1999, p 5.

### BREMNER D

1994. Development's catch-22. No development without peace, no peace without development. *Track Two* 3(1) February 1994, p 1-15.

### BRUWER E

1997. Armoede en ontwikkeling. 'n Christelike perspektief op bevryding van armoede tydens die oorgang na 'n post-apartheid RSA. In Van Rooy e a *Ontwikkeling: armoede, tegnologie en die omgewing*. Potchefstroom: PU vir CHO. (IRS).

## CAMERER L ( ED)

1997. *Costly crimes, commercial crimes and corruption in South Africa*. Sept Halfway House: ISS. (Monograph Series. No 15.)

## CLARK-MCLEOD P G

1995. Reflections on the causes of and solutions to poverty and unemployment in South Africa. *Social Work Practice* 3: 17-21.

## DAVIES B

1993. Empowering the poor. Capacity building in the Eastern Cape. *Indicator South Africa* 11(1): 37-43.

## DU PLESSIS I J

1995. *Die Evangelie volgens Lukas. Deel I*. Kaapstad: Lux Verbi.

## ECKERT J B E A

1996. Perceiving a new future: empowering farmworkers through equity sharing. *Development Southern Africa* 13(5): 693-711.

## FITZMYER J A

1981. *The Gospel according to Luke I-IX. The Anchor Bible Vol 28*. New York: Doubleday.

## FRIEDMAN J &amp; SANDERCOCK L

1995. Empowerment. An escape route from poverty. *The Unesco Courier March* 1995, 14-18.

## GEORGE A M

1996. Journeys to caring for the poor and underserved. *Today's Christian Doctor* 27(3): 8-12.

## GRUNDMANN W

1978. *Das Evangelium nach Lukas*. Theologischer Handkommentar zum Neuen Testament, 3. Berlin: Evangelische Verlaganstalt.

## GUMEDE W M

1998. Everyone agrees public works should be used to create jobs. *The Sunday Independent* 2 August 1998, p 4.

## HILLS C

1998. Anti-poverty projects to get R 203-m. *The Citizen* 19 October 1998, p 11.

## KEY INDICATORS OF POVERTY IN SOUTH AFRICA.

1995. (Oct) Ministry of the Office of the President: Reconstruction and Development Programme. Cape Town: UCT.

## KROMBERG M

1996. The scourge of poverty - and the remedies. *SA Now* 1(2): 17-29.

## LEVIN M

1995. The (urban) poor and the employment creation. *Africa Insight* 25(3):172-179.

## LUIZ J M

1994. A basic needs approach to poverty and redistribution in South Africa. *Economics* 8(1) Autumn 1994, pp 13-17.

## MAMALIA K

1998. Sekhukune women defeat poverty. *Sowetan* 27 Augustus 1998, p 13.

## MAY J

1998. Poverty and inequality in South Africa. *Indicator* 15(2) Winter 1998, p 53-58.

## MCGRATH M

1996. Income inequality and poverty in South Africa. In Maasdorp, G (ed) *Can South Africa and Southern Africa become globally competitive?* London: Macmillan.

## MUNICIPAL ENGINEER

1995. Helping the disadvantaged to house themselves. 26 September 1995 p 9.

## NAPIER M

1994. The place of the poor in the post-apartheid city. *Open House International* 19(1): 22-32.

## PRETORIA NEWS

1997. Climbing out of the poverty trap. 31 October 1997, p 13.

## SCHNEIDER E

1998. Projects suffer when the left hand doesn't know what the right is doing. *The Sunday Independent* 25 October 1998, p 3.

## SINGH P

1998. Projects form a screen against poverty. *The Cape Times* 6 August 1998, p 7.

## SOWETAN

1998. Tackling poverty and stimulating development is the aim of the Department of Public Works. 26 February 1998, p 30.

## THE CITIZEN

1998. R 50m for poverty relief projects. 10 March 1998, p 12.

## TOUZEL H

1996. Housing the poor. *Housing in Southern Africa* September 1996, pp 12-13.